NOTULE VAN VERGADERING VAN DIE U.K. GEHOU TE BLOEMFONTEIN OP VRYDAG 6 JUNIE 1958.

TEENWOORDIG:

Dr. B.J. Odendaal en op versoek Ds. H. le C. Taute en wnde. Sendingsekretaris.

Weens die dood van Ds. & Mev. Nico de Lange is Ds. P.S.Z. Coetzee afwesig.

Dr. Odendaal ageer as Voors. en open die vergadering met gebed.

---

B U I T E L A N D.

1. Die Notule van die vorige vergadering word goedgekeur.

2. Op versoek is ook die Saakgelastigde teenwoordig.

3. 'n Stuk deur die Saakgelastigde opgestel word gelees, verduidelik en deur die vergadering goedgekeur.

4. LANGER VERBLYF VAN MNR. J.M. BADENHORST:

'n Brief van Eerw. D.J. Hoffman van 2 Junie word gelees en die vergadering besluit dat die lede van die deputasie die vergadering van die O.R.K. op die 14de te Katete sal bywoon en al die nodige informasie sal inwin.

5. (i) GROND EN PASTORIE TE LUSAKA:

Die U.K. besluit nadat die saak deeglik oorweeg is en ook die opinie van die Saakgelastigde ingewin is, dat vir die Sendingpastorie en gronde te Lusaka die som van £2,500 gevra sal word.

(ii) GRONDE OP BROKEN HILL:

Nadat die saak breedvoerig bespreek is besluit die Kommissie dat die gronde met Sendingkerk en pastorie aan Broken Hill-gemeente gegee sal word op voorwaarde dat hulle 'n woning vir die Naturelleleraar en 'n Sendingkerkie in die lokasie sal bou.

6. BRIEF EERW. CRONJE: i/s: Stemgeregtigdes op die vergadering van die Alg. Sin. Kom. van die N.G. Bantoekerk:

Die Sekretaris het reeds meegedeel dat Dr. B.J. Odendaal, Di. H. le C. Taute en T. Theron, die stemgeregtigde-lede sal wees en dit word deur die Kommissie goedgekeur.

7. EERW. P. BADENHORST: i/s: Versoek van die U.K. aan hom om na Noord-Rhodesië te gaan.

Die brief word gelees en dit word opgedra aan die Sekretaris om aan hom weer te skrywe en aan hom mee te deel wat die Voors. van die O.R.K. meedeel i.v.m. vereistes te Magwero.

2/ .....

8. BRIEF EERW. v.d. WALT:

Die Sekr. lees die brief en sy antwoord daarop en die Kommissie besluit om hulle goedkeuring daaraan te heg en dat die saak i.v.m. die opvoeding van sy kinders aan die S.A.S.K. in Augustus voorgelê sal word.

9. BRIEF MEJ. v.d. SPUY:

Die vergadering besluit:

(i) Dat aan haar 'n dringende versoek gerig sal word om haar aansoek om studieverlof later te doen met die oog op die omstandighede tans in die Sendingveld.

(ii) Dat waar die saak i.v.m. Mnr. H. v.d. Spuy reeds solank afgehandel is, dit geen doel kan dien om nou daarop verder in te gaan nie.

Ds. Taute sluit die vergadering met gebed.

7. Ds. Taute deel mee dat die Ring van Ficksburg die saak insake die salaris van 'n tweede Sendeling vir Basoetoland bespreek het en die volgende gemeentes het besluit om by te dra:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ladybrand ..... | £76. | 3. | 6. |
| Thaba 'Nchu ..... | 57. | 17. | -. |
| Marquard ..... | 100. | -. | -. |
| Clocolan ..... | 86. | 12. | 6. |
| Hobhouse ..... | 20. | -. | -. |
| Rosendal ..... | 39. | 4. | -. |
| Ladybrand-Noord ..... | 30. | -. | -. |

Die vergadering neem met groot dank kennis van hierdie besluit en die saak word verder verwys na die S.A.S.K.

Ds. Taute sluit die vergadering met gebed.